

# KOERSVAS

Jaargang 5      Uitgawe 116   28 Julie 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Kwinkslae

Daar is sommige mense wat telkens verstom. Dit is hulle wat op die ingewing van die oomblik met spitsvondigheid na vore kom. Wysrede wat in die konteks van die situasie nie deur 'n boek ten volle omskryf kan word nie. Kwinkslae wat soms erg beledigend kan wees, ander kere net 'n situasie baie doeltreffend kan opsom of selfs situasies kan ontlont. Kwinkslae is soms soos bufferplakkers, gevatte gesegdes wat vermaak. 'n Hele lewensfilosofie, 'n persoonlikheid of 'n situasie word vinnig in min woorde opgesom. Om die kwinkslag te verduidelik, is 'n futiele oefening. Die verduidelik-proses neutraliseer die spitsvondige humor en meesterlike taalgebruik. Sommige kwinkslae is aforismes - kort pittige gesegdes wat 'n algemene beginsel of waarheid verduidelik, of net 'n diepe insig of waarneming verwoord.

Diegene wat die kwinkslae op die ingewing van die oomblik uitdink, kom in alle vlakke van die samelewing voor. Dit is die bekendes se kwinkslae wat die beste onthou word. Ons eie sagmoedige Neelsie was 'n

meester in hierdie verband. Sekerlik sy bekendste kwinkslag was in die parlement toe hy gesê het dat die helfte van die teenwoordiges bobbejane is. Toe die Speaker daarop aandring dat hy dit terugtrek, het hy reageer deur te beweer dat die helfte van die teenwoordiges nie bobbejane is nie.

Een persoon wat amper legendaries is ten opsigte van kwinkslae, was Winston Churchill. Hy het by verskeie geleenthede mense koudgesit met sy antwoorde. Op die golfbaan wou iemand 'n vriend aan hom bekendstel, waarop hy geantwoord het; "Nee dankie, ek ken genoeg mense." By 'n onthaal het 'n vroulike lid van die parlement hom oor sy dronkenskap gekritiseer. Hy het hierdie kwinkslag kwytergemaak: "Hartjie, jy's lelik. Môre sal ek nugter wees, maar jy sal steeds lelik wees." By 'n ander geleentheid het 'n vrou aan hom gestel dat sy hom gif sou gegee het indien hulle getroud was, waarop hy geantwoord het dat indien hy met haar getroud was, hy die gif sou gedrink het. Ander kwinkslae deur bekende persoonlikhede<sup>1</sup>:

Liberace (ná 'n slegte resensie): "Dankie vir die baie amusante resensie. Nadat ek dit gelees het, het ek al die pad bank toe gelag."

<sup>1</sup> geneem uit Die Huisgenoot van 16 Oktober 2013h

Frank Sinatra (oor Robert Redford): “Wel, ten minste het hy ware liefde gevind – dis so jammer hy kan nie met homself trou nie.”

Elizabeth Taylor: “Van my beste manlike hoofrolspelers was honde en perde.”

Groucho Marx: “Haar mooi voorkoms is aan haar pa te dankie; hy’s ’n plastiese chirurg.”

En ook: “As ek hierdie storie al vir jou vertel het, moet my nie stop nie want ek hou daarvan om die storie te vertel.”

Bette Midler (oor prinses Anne): “Sy is mal oor die natuur, ten spyte van wat dit haar aangedoen het.”

Sommige kwinkslae som ’n groot waarheid op (is nie altyd ewe snaaks nie) en word dan deel van die normale gesprekke. So byvoorbeeld die aforisme wat aan Gary Player toegedig word. Iemand het opgemerk hoe gelukkig hy is met die resultaat van ’n plofhou uit ’n sandkuil. Sy antwoord (na legende) was dat hy meer geluk het hoe meer hy oefen. Hierdie antwoord trek ’n kousale verband tussen geluk en vaardigheid. Die band kan nie direk demonstreer word nie, en tog is daardie band daar. Hierdie wysheid word nou gereeld deur afrigters oorgeneem. Daar sal altyd ’n element van geluk betrokke wees by sport. Hoe beter voorbereid jy is, hoe beter jou kans dat jy die begunstigde gaan wees. Terloops, navorsing toon aan dat die opmerking oor verband tussen geluk en oefening of harde werk, kan teruggevoer word tot ongeveer 1897.

Om af te sluit, ’n paar tydlose kwinkslae: *Skoonheid is ’n kortstondige tirannie* – Sokrates.

*Skoonheid kan enige iets bekostig, mens kan ’n mooi vrou enige iets vergewe* – Moliere.

*Dit is beter om op jou voete te sterf as op jou knieë* – Euripides.

*Somtyds wil mense gewoon nie die waarheid hoor nie, want hulle wil nie hulle illusie vernietig sien nie.* – F Nietzsche.

*Demokrasie is waar twee wolwe en ’n skaap stem oor wie aandete gaan wees. ’n konstitusionele Republiek is waar ’n swaar gewapende skaap die resultaat mag betwis* – Benjamin Franklin.

*Geen mens is so ernstig soos die man wat besig is om homself lof toe te swaai nie* - Georg Christoph Lichtenberg.

*Wanneer jy met ’n dwaas argumenteer, maak seker dat hy nie besig is om dieselfde te doen nie* - Ambrose Bierce.

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### BEROEPENUUS

Oostelike Pietersburg het ons in kennis gestel dat die gemeente ds Frans Marais van Grootvlei beroep het. Baie geluk aan ds Frans en die gemeente. Sterkte ook met gesprekke en die besluit wat geneem moet word.

### BYBELVASVRAE 2017

Ds van Rooyen laat weet:

Geagte Leraar, ouderlinge, diakens en lidmate

Die Gemeente rondte van die Bybelvasvra is om die draai en die vakansie is reeds meer as ’n week aan die gang. 18 Gemeentes het geantwoord aangaande hulle deelname al dan nie. Daar is tans 11 gemeentes wat laat weet het dat hulle gaan deelneem en hulle word hieronder saam met hulle streke gelys. Gemeentes wat deelname bevestig is, het, is soos volg:

Gemeente Streek

Oshakati Noord Tvl.

Pietersburg Noord Tvl.

Roedtan Noord Tvl.

Bloemfontein OVS

Vrede OVS  
 Grootvlei Pretoria  
 Premiermyn Pretoria  
 Theresapark Pretoria  
 Koster Wes Transvaal  
 Rustenburg Wes Transvaal  
 Vryburg Wes Transvaal

Gemeentes word daaraan herinner dat die gemeente rondte se vraestelle deur die gemeente self opgestel word en die streek rondte deur streek verteenwoordigers en die finale rondte deur myself. Ek gee weer die bestek en vraestel besonderhede hier deur.

**Kategorieë:**

- Laerskool Graad 1 tot 7
- Hoërskool Graad 8 tot 11
- Ander Matrieks en alle ander lidmate tot 120 jaar oud.

**Spanne:**

- 'n Span bestaan uit 2 tot 6 deelnemers per span
- Span moet 'n spannaam hê en elke spanlid se naam en van en ouderdom moet op die antwoordstel aangedui word.

**Datums**

**Gemeente vasvra: 30 Jul. 2017**

Streeksvasvra: 13 Aug. 2017

Finaal: 27 Aug. 2017

**KOMMENTAAR BESKIKBAAR**

Die kern van die geloof wat ons bely, is reeds meer as 20 eeue oud. Tog stem ons en die eerste Christene saam. Dit wat ons glo, is dit wat aan hulle toevertrou is en wat hulle geglo het. Hoe werk dit? "EK EN ONS GLO" is die boek wat ons help om ons eie belydenis te verstaan. Ons word ook by die werk en elders getoets oor ons geloof. Hierdie boek sal ons help om met oortuiging die waarheid aan almal rondom ons te verduidelik. Geskryf in verstaanbare Afrikaans, is hierdie boek 'n baie handige

instrument in ons wapenrusting van die geloof. @R140 per eksemplaar.

[jotto1@absamail.co.za](mailto:jotto1@absamail.co.za). 082 767 7891 :

**BONDSVERGADERING**

**BONDSDAMESBYEENKOMS- MAANDAG  
 4 SEPTEMBER 2017**

Maandagoggend word ontbyt vanaf seweur in die Kerkzaal aangebied.

Die Bondsvergadering open dan soos gewoonlik die oggend waar alle Bondsdames ook teenwoordig is.

Daarna vertrek die Bondsdames na hul vergaderplek.

Die Bondsdames gaan by Silwerjare Ouethuis reg oor die straat van die kerk vergader.

Bussie is gereël om susters te vervoer van die saal tot by Silwerjare.

By Silwerjare sal registrasie van Bondsdames dan plaasvind.

Teetyd sal om 11 uur by Silwerjare plaasvind.

Middagete sal by die Kerkzaal wees en die bussie sal dames weer terugbring – tensy u wil stap. Dis regtig 500 meter.

Ons sien uit daarna om u elkeen weer daar te sien.

**OORNAG FASILITEITE**

**Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5km van die Zambezi Tolhek

- naby hospitaal en besighede-

Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by

**Villa Stoney**

Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

**GELOOFBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### **LEWENSBROOD 2018**

Gemeentes word versoek om nou reeds met bemarking vir volgende jaar se boek te begin sodat u bestellings kan plaas tydens die Bondsvergadering in September.

### **DANKBUNDEL**

Lidmate wat belangstel in prof HG van der Westhuizen se dankbundel moet met ds Jaap Steenkamp skakel.

### **GELOOFSBONDKWILT 2 (2017)**

Die GHG dames se fondsinsamelings is ten bate van ons teologiese studente. Lootjies is beskikbaar by u eie gemeente. Elke gemeente word herinner aan die versoek om 3 of meer lyste se kaartjies te verkoop. Lootjies word DV tydens die GHG-byeenkoms te Schweizer- Reneke getrek. Ak u vorms moet nou asseblief inkom.

### **GELOOFSBONDKWILT 3 (2017/2018)**

Blokke moet nou in wees. Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107.

### **DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender

- Kwitansieboeke
  - Offergawe boeke
  - Dames Kwitansieboeke
  - Konsistorieboeke
  - Reklame plakkate en ander drukwerk
- [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

### **UITNODIGING: BASAAR**

#### **SUIKERBOSRAND, 30 September 2017**

*Ons gemeente hou Basaar op die bogenoemde datum en wil u graag uitnooi om ons te ondersteun in hierdie groot poging. Daar sal genoeg te koop, te eet en te kuier wees.*

*Die basaar word op ons kerkgrond gehou te H/v Fenter en Merzstraat Heidelberg en begin reeds om 08:00.*

*Daar is ook twee veilings, 'n lappop en 'n windbuis.*

*'n Pen gemaak vanuit hout en been word ook aangebied en behoort 'n baie interessante item te wees.*

*Daar is uitstallings van verskillende maatskappye wat insluit: sonkragtoerusting, elektrisiteitbesparing, water suiwering en ander items wat boere en dorp bewoners kan besigtig.*

*Die gewone basaarprodukte soos pannekoek, kerrie en rys, nagereg, braaivleis, produkte, naaldwerk en vele meer sal daar wees.*

*Vars gebakte brood op die terrein gebak !! U ondersteuning en kuier sal hoog waardeer en op prys gestel word.*

*Vriendelike groete,*

*Nico van Huyssteen*

*Skriba*

*Hervormde Kerk Suikerbosrand*